

4 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 17:20-25 (OAV)
Fokusgedeelte: Lukas 18:1-8

Volharding in gebed

Christus het die gelykenis van die weduwee en die onregverdige regter vertel om te leer dat jy nie moedeloos in jou gebedslewe moet word nie.

In hoofstuk 17:20-22 het Hy sy dissipels geleer dat sy Koninkryk reeds aanwesig, maar nog onsigbaar, is. In die moeilike tye tot die wederkoms sal die gelowiges God se heerskappy nie altyd duidelik sien nie. Lukas 17:22 leer daar sal dae wees wat gelowiges daarna sal verlang dat die Here kom, omdat die tye so moeilik sal wees en die druk op hulle erger word. En dan kan dit gebeur dat gelowiges maklik soos die weduwee voel dat hulle met leë hande in die wêreld staan. In dié benoudheid kan die Here dan vir hulle soos die harde regter van die gelykenis lyk, dat Hy hulle gebede nie hoor en nie antwoord nie.

En gebeur dit nie soms wel as jy bid, dat dit voel of God nie hoor en antwoord nie, dat Hy dalk vir jou soos die harde regter van die gelykenis lyk? Die werklikheid voel so in stryd met God se koninkryk wat reeds in Christus gekom het.

Nou is die punt wat die kontrasgelykenis egter in vers 7 en 8 maak dat God juis nie soos hierdie regter is nie. Voor God is die gelowiges nooit soos 'n weduwee, hulpeloos en met leë hande, nie; Hy is nie 'n harde Regter nie, maar 'n liefdevolle Vader. Die gelowiges is sy kinders, sy uitverkore bruidskerk wat ter wille van Christus se bloed vrymoedig mag vra en moet bid.

Daarom is dit belangrik dat ons sal sien wat in hierdie gedeelte as die oorsaak van gebedsmoedeloosheid aangetoon word, naamlik die vraag in vers 8: *"... maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?"*

God is meer gewillig om te gee as wat ons is om te vra. Ons hou te maklik op bid, gee te gou moed op met 'n saak. Die weduwee in die gelykenis is ons tot voorbeeld van volharding, want ons posisie is soveel beter as hare. God luister, al voel dit nie altyd so nie; Hy antwoord, al is Hy lankmoedig. Hy verhoor ter wille van Christus, al is dit nie altyd presies soos ek dit sou wou sien nie.

Daarom moet ons elkeen vir onself antwoord: Sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op aarde vind? Vind Hy elke dag by my geloof, wat my volhardend laat bid?

Sing: Psalm 50:7 (1936)

Ds. CJJ Putter (Potgietersrus)